



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

RELIGIESTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings: AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A is VERPLIGTEND.
3. AFDELING B bestaan uit drie vrae waarvan TWEE vrae beantwoord moet word.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy 'n keuse maak.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan elke vraag toegeken word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

- 1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Kies die antwoord uit die lys wat voorsien word.

Ekumenisme; Therevada; ateïsme; Talmoed; halaal

- 1.1.1 Die mondelinge komponent van die Tora word die ... genoem. (2)
- 1.1.2 Bevordering van eenheid tussen kerke om as 'n eenheid saam te werk word ... genoem. (2)
- 1.1.3 Ontkenning van die bestaan van God is ... (2)
- 1.1.4 Voedsel wat geskik is vir gebruik deur Moslems word ... genoem. (2)
- 1.1.5 Die oudste vertakking van Boeddhisme is ... (2)
- 1.2 Beskryf kortliks die volgende begrippe/leringe in die konteks van godsdiens:
- 1.2.1 Doktrine (2)
- 1.2.2 Ideologie (2)
- 1.2.3 Gelykenisse (2)
- 1.2.4 Dogma (2)
- 1.2.5 Vergelykbaarheid (2)
- 1.3 Noem die TWEE hoof vertakings van die Islamitiese geloof. (2 x 2) (4)
- 1.4 Verduidelik in DRIE sinne die term *ubuntu*, soos dit op die Afrika Tradisionele Godsdiens van toepassing is. (3 x 2) (6)
- 1.5 Kies die woorde wat NIE pas NIE uit elke groep van woorde hieronder. Skryf slegs dié woord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK.
- 1.5.1 Abraham, Boeddha, Jesus Christus, Darwin (2)
- 1.5.2 Koran, Bybel, Profeet Mohammed, Hajj (2)
- 1.5.3 Vedas, Karma, Modimo, Nirvana (2)
- 1.5.4 Unkulunkulu, Sangoma, Kalief (caliph), voorvaders (2)
- 1.5.5 Tanach, Tora, Baha'u'llah, Moses (2)

- 1.6 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n woord/beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.6.6 F. (4)

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Nirvana	A	opponerende groepe van mense wat ooreen kom om saam te werk
1.6.2	Karma	B	verlossing van lyding in Boeddhisme
1.6.3	Sinkretisme	C	geloof in baie gode
1.6.4	Versoening	D	is die proses om elemente van een godsdienst te integreer in 'n ander godsdienst
1.6.5	Politeïsme	E	oortuiging dat enige aksie 'n gevolg het

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige van die TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

Die dinge wat godsdiens uniek maak kan sosiaal baie verdelend wees. Mense kom tot die gevolgtrekking, dat daardie aspekte waar is, en dat die aspekte van ander godsdienste waarmee hulle nie saamstem nie, vals/onwaar is en daarom is hulle godsdiens verhewe bo ander godsdienste. Met ander woorde, dit is die “uniekheid” wat die meeste moeilikheid tussen godsdienste veroorsaak.

[Bron: *Shutters Religion Studies Grade 12*, Hofmeyr et al, bl. 123]

Beskryf kortliks die unieke kenmerke van enige EEN van die godsdienste.

(10)

2.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

In Ortodokse Islam is daar baie min ruimte vir variasie sover dit die kernleerstellings (grondslag van godsdiens) betref: behalwe Allah is daar geen ander god nie; Mohammed is sy profeet. Aan geeneen van hierdie twee pilare kan daar enigsins getwyfel word nie. Baie dieselfde geld vir die Ortodokse Christelike godsdiens. Mense wat in sulke godsdienste van die korrekte ‘geloof’ afwyk, kan sekere sosiale gevolge ervaar. In die verlede moes sommiges self met hulle lewens boet.

In hoofstroom-Hindoeïsme is dinge baie anders. Dit is belangriker om die regte dinge te doen en reg op te tree as om in die regte dinge te glo. In nog 'n Indiese godsdiens, Boeddhisme, word ‘geloof’ as die aanvaarding van sekere beskouinge as 'n hindernis op die pad na verlossing beskou. Om vas te klou aan sekere oortuigings/geloof, is net so sleg as om aan geld vas te klou/verliep op geld te wees, sê sommige Boeddhiste byvoorbeeld, omdat dit daartoe kan lei dat jy en ander mense kan ly/swaarkry.

[Bron: Aangepas en vertaal uit *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al, bladsy 39]

Definieer kortliks die term *geloof* soos dit in die konteks van godsdiens gebruik word.

(4)

2.3 Verduidelik die konsep *onderwys*, soos dit in Religiestudies gebruik word.

(4)

2.4 Verduidelik die rol wat gelykenisse in godsdienstige onderwys speel.

(12)

2.5 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

In hoofstroom-Hindoeïsme is dinge baie anders. Dit is belangriker om die regte dinge te doen en reg op te tree as om in die regte dinge te glo. In nog 'n Indiese godsdiens, Boeddhisme, kan 'oortuiging/geloof' as die aanvaarding van sekere beskouinge selfs as 'n hindernis op die pad na verlossing beskou word". Verkleefdheid aan oortuiginge is net so sleg soos verkleefdheid aan geld, sê sommige Boeddhiste byvoorbeeld, omdat dit daartoe kan lei dat jy en ander mense kan ly/swaarkry.

[Aangepas en vertaal uit: *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al, bladsy 39]

Bespreek kortliks die rol van oortuiging/geloof in die volgende godsdiens:

2.5.1 Islam (10)

2.5.2 Christelike godsdiens (10)
[50]

VRAAG 3

- 3.1 Verbeel jou jy is die voorsitter van die Verteenwoordigende Raad van Leerders by jou skool. Skryf 'n gedragskode vir leerders. Dit moet uit ten minste VIER sleutelpunte bestaan en moet godsdienstige verdraagsaamheid by die skool bevorder. (8)
- 3.2 Vergelyk demokratiese Suid-Afrika se siening oor godsdienstvryheid met die benadering wat gedurende die apartheids-era gevolg is. (12)
- 3.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat daarop volg.

Die eerste Wêreldparlement van Religieë is in 1893 in Chicago gehou. Verteenwoordigers het van oor die wêreld gekom, van Westerse sowel as Oosterse religieë. Die blywendste erfenis van die 1893-parlement was die toesprake wat deur Swami Vivekananda gelewer is. Hierdie toesprake was 'n mylpaal in die bekendstelling van die Hindoe-denkwyse aan die Westerse wêreld.

[Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn et al, 2007:29]

- Bespreek in die lig van die aanhaling hierbo, die rol/bydrae van enige EEN religieuse leier/organisasie wat inter-religieuse dialoog bevorder het. (10)
- 3.4 In jou eie woorde, definieer kortliks die konsep *menseregte*, met spesiale verwysing na godsdienste. (10)
- 3.5 Verduidelik kortliks die konsep *godsdienstvryheid* en gee 'n voorbeeld daarvan. (10)

[50]

VRAAG 4

- 4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

In die talle brandpunte (konflikte) regoor die wêreld, of dit nou die Midde-Ooste, Sri Lanka of Afrika is ... "godsdienslike verskille is egter nie die enigste rede vir die geweld nie. Intendeel, dit is duidelik dat godsdiens deur politici gebruik word om ondersteuning vir hulself en hul partye te verkry."

[Bron: Aangepas uit *Religion Studies Grade 12* by Steyn et al, bladsy 232]

- 4.1.1 Identifiseer EEN streek of land van konflik in die wêreld en gee 'n kort geskiedenis van die konflik. (10)
- 4.1.2 Beskryf die huidige situasie van die konflik wat jy geïdentifiseer het. (6)
- 4.1.3 Verduidelik die rol van godsdiens in die konflik. (10)
- 4.1.4 Som jou bevindinge op. (4)
- 4.2 Lees die uittreksel uit 'n koerantartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Onitsha, Nigerië. Dosyne verkoolde, smeulende liggame het die strate van hierdie bedrywige handelshoofstad besaai na drie dae se oproerigheid waar Christenbendes met kapmesse, knuppels en messe hul Moslembure aangeval het. Oproeriges het talle mense hier vermoor, meestal Moslems, nadat hul huise, besighede en moskees afgebrand is in die ergste geweld nog wat verband hou met spotprente van die Profeet Mohammed wat die eerste keer in 'n Deense koerant verskyn het. Die oproerigheid het hier uitbreek na aanvalle verlede week op Christene in Noord-Nigerië deur Moslems wat woedend oor die spotprente was.

[Aangepas en vertaal uit: *New York Times*, 24 Februarie 2006 (*Shuters Religion Studies Grade 12*, bladsy 214)]

- 4.2.1 Volgens die artikel, wat is die oorsaak van die onluste? (4)
- 4.2.2 Wat, dink jy, kan die moontlike gevolge van hierdie onluste wees? Noem ten minste DRIE moontlikhede. (6)
- 4.2.3 Dink jy dat die artikel 'n gebalanseerde oorsig bied? Gee redes vir jou antwoord. (4)
- 4.2.4 Volgens jou ondervinding, bied die media oor die algemeen godsdienslike kwessies op 'n gebalanseerde, onpartydige wyse aan? Gee ten minste EEN voorbeeld om jou mening te illustreer. (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

